JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK EKSAMEN

GRAAD 12

HUISTAAL

VRAESTEL 3

JUNIE 2012

PUNTE: 100
TYD: 2 ½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 12 JUNIE EKSAMEN
VRAESTEL 3

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Nommer die skryfstukke wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Voer die opdragte, by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.

5. Die uiteensetting van jou skryfstukke is baie belangrik. Jy moet elke skryfstuk op 'n NUWE DUBBELBLADSY begin.

   5.1. Doen die beplanning/redigering op die linkerkantste bladsy.

   5.2. Skryf die woorde FINALE PRODUK aan die regterkantste bladsy.

   VOORBEELD:

	LINKERBLADSY **BEPLANNING/REDIGERING** **<u>Kan</u>** só lyk  Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.		**1.2.**	**REGTERBLADSY** **FINALE PRODUK** Byvoorbeeld: **Die sokkerwêreldbeker**	

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 350 – 400 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1. *As alle wense waar kon word…*

OF

1.2. ***Wat jy nie van my weet nie is dat ek…***

OF

1.3. Die matriekdans. Wat 'n voortuitsig!

OF

1.4. Die internet! GA!

OF

1.5. As ek 'n superheld was dan sou ek (skryf die naam van die sprokieskarakter) myself noem omdat…

OF

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 12 JUNIE EKSAMEN
VRAESTEL 3

Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6.1.

OF

1.6.2.

OF

1.6.3.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

• Kies EEN vraag en skryf 180 – 200 woorde oor die onderwerp.

2.1. Jy is die redakteur van die skooljaarblad. Skryf 'n hoofartikel oor 2011 en lê klem op die bydraes wat die graad 11 leerlinge tot die skool gemaak het om 2012 soveel beter te maak. Jou artikel moet interessant en inspirerend wees.

OF

2.2. Jy is die skool-verteenwoordiger op 'n forum wat geskep is vir dwelmbeperking in julle gemeenskap. Skryf die notules van die laaste vergadering wat jy bygewoon het sodat jy verslag kan doen by die volgende RCL-vergadering. Die notules moet genoeg details bevat sodat jou terugvoering oortuigend en insiggewend sal wees.

OF

2.3. Jy het vir 'n kompetisie ingeskryf om 'n onderhoud met Charlize Theron op die radio te kan hê. JY HET DIE KOMPETISIE GEWEN!! Skryf die ONDERHOUD wat jy met die Charlize het. Onthou dat jou vrae en antwoorde moet pas by die geleentheid.

OF

2.4. Toe jy 'n onderhoud met Charlize Theron gehad het het sy vir jou haar nuwe boek gegee en gevra dat jy dit moet lees en vir haar 'n BOEKRESENSIE moet skryf wat sy vir 'n Afrikaans-tienertydskrif wil gee. Sy dink dit sal tieners van alle taalgroepe goed doen om haar boek te lees.

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

VRAAG 3

• Kies EEN vraag en skryf 100 – 120 woorde oor die onderwerp.

3.1. Jy en jou broer/suster het ‘n hewige argument gehad. Skryf wat gebeur het en hoe jy daaroor voel deur ‘n DAGBOEKINSKRYWING te doen.

OF

3.2. Jou ouma en oupa gaan binnekort hulle 60ste huweliksherdenking vier en jy het besluit om vir hulle ‘n partytjie te hou. Ontwerp ‘n UITNODIGING wat jy aan die volwassenes, wat jy wil hê die herdenkingspartytjie moet bywoon, gaan stuur. Onthou: die bewoording en formaat moet pas by die gehoor.

OF

3.3. Jy sit in Indië en vind dit absoluut wonderlik. Ontwerp en skryf ‘n POSKAART aan jou vriendin / vriendin en vertel hom / haar van dié aangename vakansie in Indië.

ONTHOU: JY MOET DIE POSKAART HIERONDER OORTREK IN JOU ANTWOORDBOEK.

Poskaart	

TOTAAL AFDELING C: 20
VRAESTEL TOTAAL - 100